**Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek**

**Borgward Club of South Africa, Southern Region**

**Oktober /October 2022**

# Borgward Nuus / News

Welkom by nog 'n uitgawe van Borgward nuus. Alhoewel ons blykbaar nog sukkel om terug te keer na 'normaal' na die Covid inperkings is die klub volstoom aan die gang en is ons op datum met ons vergaderings en uitstappies. Bywoning, veral ons uitstappies, is nog nie normaal nie en ek wil aansluit by Kees se berig oor die ou karre wat oortyd werk. Dit moet so wees, want hulle Vergaan van Staan. Dit is immers hoekom die klub gestig is, om geleenthede te skep om die motors instand te hou deur middel van gereëlde Concours byeenkomstes EN om hulle aan die gang te hou deur middel van gereëlde uitstappies. Ons moet nooit hierdie perspektief oor die hoofdoel van ons klub verloor nie. Die uitstappies wat ons reël is selfs nie voldoende nie en as jy jou motor 'n guns wil bewys, neem hom ook tussenin vir 'n noemenswaardige rit, en daarmee bedoel ek nie net om die blok nie. Dit is ook belangrik dat die publiek ons motors in 'groot'getalle te sien kry op die pad en by openbare plekke. Ons volgende uitstappie op Sondag 23 Oktober na Root 44 in die Stellenbosch omgewing is net die regte geleentheid om ons motors ten toon te stel. Kom ons gaan wys ons staal!

Ons wil ook graag ons nuusbrief uitbrei en moedig almal aan om interessante artikels, inligting, tegniese wenke, relevante persoonlike ervarings, ens met ons te deel. Dit is altyd verreikend en baie welkom. Stuur inligting aan enige van die persone wie se email adresse aan die einde van elke uitgawe verskyn.

**Groete Louis**

| | |
|---|---|
| *Die Nuusbrief* | *1* |
| *Nog 'n Borgward agent* | *1* |
| *Besoek: Karoo Botaniese Tuin* | *2* |
| *Uit die Argiewe* | *3* |
| *Ou karre werk soms oortyd* | *4* |
| *Ek en my Borgward* | *5* |
| *Een Legende* | *6* |
| *Nog ' n foto uit die boek* | *7* |
| *Om oor na te dink* | *8* |

## Nog 'n Borgward agent:

## Human Motors

The story of the romance of the building up of the Human Motors Organization goes back to 1950 when Mr. B. Human, M.Comm., established a small auctioneering business for the sale of furniture and motor cars at 53 Church Street, Bloemfontein.

In the years that followed, the Company concentrated more and more on the buying and selling of used cars. Against stiff competition from other dealers, Human Motors was awarded the coveted Borgward vehicle franchise, an agency which the Company promoted with utmost vigor throughout the whole of the Free State and which, in a short time, received the acclaim of motorists all over the province. In July 1957, Mr. Human, who was to prove a man of wide vision, paid a personal visit to the Borgward factory in Germany and as a result of successful negotiations, Human Motors was appointed direct importers and distributors for all Borgward vehicles – Borgward Isabella, Hansa 1100 and Lloyd – for the South Free State and the Northern Cape, from January 1958. In or about the same period Mr. Human acquired the adjoining sites in Church Street, demolished the old houses standing there and erected a most impressive and modern motor garage building. In January 1958, another important step was taken in the history of the Company when an Associated Company, Human Motors (Kimberley) (Pty.) Ltd. was established in modern premises in Kimberley as direct importers and distributors for Borgward products in the Northern Cape.

The success achieved by this progressive motor group has undoubtedly stemmed very largely from the intense interest and wise counsel evinced by the energetic man who founded it. He deserves high tribute for the courage and initiative, and it is in this spirit that the Human Motors Group will go forward confident that the next ten years will bring even brighter and more prosperous times.

NS Dit is nog 'n verkorte geredigeerde berig uit daardie boek.

**Kees Beekman**

**Besoek aan die Karoo Botaniese tuin**

September maand is blomme kyk op die klub se jaarprogram en hierdie jaar het ons besluit om die Karoo Botaniese Tuine by Worcester te besoek op Sondag 25 September.Die Borgwards is Saterdag en Sondagoggend vroeg reg gekry om Worcester toe te ry. Ons het mekaar om 10.30 vm by die Engen 1stop op die N1 ontmoet. Aanvanklik was daar net 3 Borgwards, maar ons het Dolf Tredoux en sy dogter Aletta, met sy Borgward in die Paarl ontmoet. Die ander Borgwards was Kees en Evert in hul Koepee, ek en Louis in die bakkie en Willem en Iryna met hul twee dogters in die Koepee. Johan de Villiers en sy neef het in 'n gewone motor saam getoer.

Daar is vooraf besluit dat ons bo-oor die berg sal ry en nie deur die Hugenote Tonnel nie. Wat 'n wonderlike ervaring was dit nie, want sedert die tonnel geopen is, het ons nog nooit weer oor die berg gery nie. Lekker om te sien dat die blomstalletjie waar ons altyd vir my ma proteas gekoop het nog in bedryf is. Intussen ook skoon vergeet hoe lank die ou tonneltjie werklik is waardeur jy net daarna ry. Die Borgwards het die bergrit sonder enige probleem voltooi.

Dit was regtig 'n aangename ervaring om die Karoo Tuin te besoek. Die vygies, rooi, oranje, geel, donker pers en lig pers was in volle blom. Oral het ook Namakwa daisies van verskillende kleure gestaan. Baie kankerbossies met hul rooi blomme was te sien, groot spekbome en 'n verskeidenheid kaktus plante kon gesien word. Tussendeur was daar ook botterbome te sien. Ons het as kinders op ons plaas in die Montagu distrik baie botterboom gery. Dit groei nie hoog nie en trek maklik uit die grond. As die stam beskadig word, gee dit 'n slymerige vloeistof af. Jy soek dan 'n lekker steil afdraand, lê die botterboom plat, wortels vorentoe. Jy sit dan op die stam en hou aan die wortels vas. Die eerste afgaan moet jy maar met jou voete help om onder te kom. Dan bloei die botterboom erg en met die 2de rit raak die pad al meer glad. Later is die pad ondertoe so glad en dit gaan so vinnig dat die botter-boom jou soms lekker laat val. Groot pret.

Die Karoo Tuin beskik ook oor 'n restaurant en volledige kroeg. Daar kon ons 'n heerlike, bekostigbare, ligte middagete geniet. Na ete het ons met een van die wandelpaaie gaan stap en net die vars lug en mooi rondom ons geniet. Daarna moes die Borgwards ons weer veilig tuis besorg. Wat 'n lieflike dag. Dankie aan die Borgwards, Dolf en Louis wat alles gereël het en die Karoo Tuin.

**Groete. Rina**








## Uit die Argiewe

Ek het 'n Borgward lêer in 1989 begin waarin ek alles wat met Borgward te make het, geliaseer het—fakture van dienste en herstelwerk, maar ook koerantberigte en ander aandenkings. Ek is seker daar is lede wat lêers het wat nog baie verder terug dateer. Die volgende berig, oor die stigting van die Borgward Klub in Suid-Afrika in 1961, kom uit 'n koerant, Die Gazette, van 11 Desember 1990.

**Kees Beekman**




# Borgward-klub: 'n terugblik

IN 1961, die jaar waarin die laaste nuwe Borgward-voertuie in Bremen vervaardig is, het 'n groepie entoesiaste in Kaapstad besluit dat dit tyd geword het om 'n klub vir die groot getal Borgward-eienaars in Suid-Afrika te stig. Die doel was om vriendskaplike verhoudinge te skep en die bewaring van alle Borgward-voertuie, waaronder ook Goliath en Lloyd, te verseker.

Die stigtingsvergadering is op 2 Junie 1961 in Kenwyn gehou en 'n grondwet opgestel.

Deur onderhandelings met verskeie onderdele-handelaars en -maatskappye kon lede diens en onderdele teen spesiale tariewe bekom. Aangesien daar geen skaarste aan onderdele was nie, het die klub self geen onderdele in voorraad gehou nie.

Die eerste Concours d'Elegance is op 29 Januarie 1967 by Zandvlei, Muizenberg gehou, en het sedertdien 'n jaarlikse instelling geword. Valvoline, wat genader is, het 'n trofee asook houers olie as pryse geskenk.

In April 1969, nadat die Borgward agente, Van Roux Motors in Johannesburg, uitverkoop het en Clows BMC die Borgward-onderdele oorgeneem het, word besluit dat die klub sy eie onderdele-voorraad moet aanskaf en na onderhandelinge met die nuwe agente vertrek 'n paar afgevaardigdes met 'n Isabellla na Johannesburg om die transaksie te finaliseer.

In 1972 styg die ledetal landwyd asook die destydse SWA en Rhodesië tot 70. In September van daardie jaar word 'n 1958 Isabella aangekoop en onder leiding van Robert Schepel voorberei vir deelname aan stampmotorwedrenne vir 4-silinders wat deur die Somerset-Wes Jaagduiwels gereël is. Schepel is eenparig as renjaer vir die klub gekies en tydens die eerste byeenkoms behaal hy 'n eerste-, tweede- en derde plek.




In 1976 maak die plaaslike klub kontak met klubs in Duitsland en Amerika. Albei dié klbus word belangrike verskaffers van plaaslik onverkrygbare onderdele.

Op die gebied van hervervaardiging van onderdele word met Plate Glass in Port Elizabeth onderhandel en word 'n vorm vir die vervaardiging van windskerms vir die Isabella Koepee gemaak. Hierdie onderdeel was nooit tevore beskikbaar nie en dit wek selfs in die buiteland belangstelling.

In 1982 word 'n register geopen en registrasievorms aan alle bekende eienaars gestuur ten einde 'n oorsig te kry oor die getalle nog bestaande Borgward Goliath- en Lloyd-voertuie.

Te oordeel aan die klub se ledetal, wat steeds aan die toeneem is en strek tot in Australië, lyk die toekoms rooskleurig en kan die volgende 25 jaar beslis met optimisme tegemoet gegaan word.

**Ou karre werk soms oortyd**

Hoewel ou karre al met pensioen is, gebeur dit tog soms dat hulle skielik baie bedrywig raak. Ons het beplan om op Saterdag 24 September met die Pagoda na Toeka Stoor by Windmeul naby Paarl te ry. Ons wou na die 20 ou karre gaan kyk wat aan die 10 de Erfenistoer vanaf George na St. Helenabaai en terug deelgeneem het. Op die derde dag van die toer vanaf St. Helenabaai na Montagu sou hulle rondom 12 uur by Toeka Stoor stop vir middagete. Op Vrydag 23 September bel 'n vriend van die NG Kerk Parow my om te vra of ons asb. 'n ou kar die Saterdag by die kerk se basaar wil kom neersit as deel van 'n uitstalling van ou karre. Die Saterdag oggend vat ons toe eers die Borgward kerk toe voor ons Toeka toe is. Daar was 'n klompie mooi karre by Toeka Stoor (Sien foto's).



Die volgende, dag Sondag 25 September, is ons met die Borgward Coupè as deel van die Borgward Klub se uitstappie na die Karoo Desert Nasionale Botaniese Tuine (Sien berig elders in die Nuusbrief). Nadat die 2 oudstryders (dis nou die karre, nie ons nie!!)☺ 'n bietjie asem geskep het, is hulle op Donderdag 29 September weer ingespan om 4 matrikulante se aand op te helder vir hulle matriekafskeidfunksie. By die aflaaipunte by die rooi tapyt was die karre natuurlik ook opgehelder onder die skerp skynwerpers. Na al hierdie aktiwiteite het ons weer besef die plesier van ou karre lê in die gebruik daarvan, en nie om hulle maar net in 'n garage te laat staan en stof vergaar nie.

Sonder al hierdie aktiwiteite sou daar nie stof gewees het nie en dus geen berig nie.

**Kees en Evert**





## Ek en my Borgward

Uit my argieflêer het ek 'n koerantberig opgediep wat die verhaal vertel van die Borgward Isabella De Luxe van Graham Davies. Dit kom uit die Tyger Burger van 8 Mei 2002. Met Graham se toestemming plaas ons nou die berig as deel van die rubriek: "Ek en my Borgward" onder die volgende opskrif.

**Kees Beekman**

WOENSDAG **8 MEI** 2002 — TygerBURGER



**Mnr. Graham Davies van Stellenberg by die Borgward Isabella de Luxe van 1960 wat hy gerestoureer het. Sewe jaar gelede was dié pragmotor 'n wrak. Nou kan Davies spog met twee gesogte trofeë wat hy onlangs met die Isabella de Luxe by 'n groot Borgward-saamtrek verower het.** Foto: Herman Engelbrecht

# Wrak word wenner

HERMAN ENGELBRECHT

**'n STUK of sewe jaar gelede het die meeste mense net skrams na die moedelose wrak van die seldsame Borgward Isabella de Luxe gekyk, hulle koppe meewarig geskud en aangestap.**

Moontlik was daar heelwat stof tot nadenke, maar bitter weinig om te herinner aan die glansende oomblik in Bremen toe Borgward se trots in 1960 van die monteerband geloop het – die hoogtepunt van die Isabella-sedanreeks.

Al wat oorgebly het, was 'n verroeste dop met vier wiele, 'n half gestroopte voorsuspensie en 'n gebreekte ewenaar. Geen sitplekke, deurpanele, enjin, ratkas of dryfas nie.

Maar mnr. Graham Davies van Stellenberg, sakeman en erelid van die Borgwardklub, het meer gesien. "'n Borgward Isabella de Luxe was nog altyd vir my 'n ideaal," sê hy. "Hulle is uiters skaars in Suid-Afrika. So ver my kennis strek, is daar nou net een in 'n lopende toestand en verder 'n wrak of twee wat iewers rondlê."

Hy vertel die verhaal van twee jong Duitsers wat in die laat jare sestig met 'n Isabella de Luxe deur Afrika getoer het. "Digby Louis Trichardt het die dryfas losgekom en die ratkas en ewenaar beskadig. Hulle het die motor eenvoudig daar agtergelaat."

Toe het mnr. Wally Dreyer van Krugersdorp van die motor te hore gekom en hom op Louis Trichardt gaan haal. Behalwe om 'n paar dele uitmekaar te haal, het hy nie veel aan die motor gedoen nie.

### In vragmotor gelaai

In die laat jare tagtig het mnr. André du Preez van Bloemfontein die Isabella de Luxe by mnr. Dreyer gekoop. Hy het 'n aantal kleinighede aan die motor gerestoureer.

Teen 1995 het die motor onder Davies se aandag gekom. Hy het die Borgward toe op 'n vragmotor gelaai en Kaap toe gebring waar 'n bykans onbegonne restourasietaak op hom gewag het.

Davies het begin deur die motor heeltemal uitmekaar te haal. "Ek het hom op sy sy laat lê en toe die hele vloer verwyder. Daarna het ek 'n vloer laat pers en dit ingesweis. Gaandeweg het ek saam medeklublid Pierre de Jongh die bakwerk aangepak en die motor gereed gemaak vir spuitverf."

Tog het een ding nog kortgekom. 'n Sondak. "Nie al die Isabella de Luxe-modelle het oor die sondakke beskik wat in die Borgward-brosjures aangedui word nie," verduidelik Davies. "Gelukkig kon ek 'n Isabella opspoor met 'n regte-egte Borgward-sondak. Ek en Pierre het die motors se dakke omgeruil."

Ondertussen het 'n vriend van Davies, mnr. Leon van Schalkwyk van Hermanus, die sitplekke herbou, deurpanele gevorm en die bekleedsel vernuwe.

Sowat sewe jaar se toewyding is onlangs bekroon. Dit was tydens die historiese twintigste tweejaarlikse nasionale byeenkoms van die Borgwardklub van Suid-Afrika wat by die Gariepdam in die Vrystaat plaasgevind het.

Davies het die twee gesogste trofeë by die Concours d'Etat verower. Die eerste prys in die Meesterskl as is aan hom toegeken, terwyl die Borgward Isabella de Luxe ook aangewys is as die Motor van die Dag.

"Of ek kans sien vir nog so 'n uitdaging?" Davies glimlag. "Ek het onlangs afgekom op nog 'n erger wrak van 'n Isabella de Luxe – nogal hier in die Kaap. Dalk restoureer ek dié een vir my seun."

NS Ons verneem graag van Graham wat toe geword het van die ander (erger) wrak van 'n Isabella De Luxe, en hoeveel Borgwards het hy al gerestoureer.

Onderstaande berig is 'n verkorte en vertaalde opsomming van 'n Hollandse motortydskrif van Julie 2011, Die "Auto Motor Klassiek." Die opskrif van die artikel is:

Borgward Isabella Coupè

**EEN LEGENDE**

Al tydens sy lewe was die Borgward Isabella iets besonders – dit was 'n droomkar vir baie. Normaalweg is 'n droomkar baie duur en slegs beskore aan die min uitverkorenes. Maar die Borgward Isabella was anders: Hy was mooier en vinniger as byna al sy mededingers, maar hy was "verdag " goedkoop! Selfs boosaardige gerugte en die haat en nyd van sy mededingers kon nie voorkom dat hierdie kar enorm suksesvol was nie. Uiteindelik het die fabrikant Borgward tog die onderspit gedelf MAAR nie voordat hy 'n skitterende coupè gerealiseer het nie! In die jare vyftig is die Borgward Coupè in Duitsland en omstreke gesien as "verskriklik erg mooi"

Eintlik het Carl Borgward die Coupè vir sy vrou Elisabeth gemaak. Hy was ure besig met verwarmde Plastiline en 'n broodmes om model na model te ontwerp, tot hy klaar was. In die geheim het hy wel "'n bietjie goed" na die Karmann-Ghia gekyk – die daklyn en die vol heupe laat geen kans vir misverstand nie. Net soos die buitelyne van die kar goed op die oog val, is die binnekant ook opwindend. Die instrumente, radio en die klokkie is in 'n goue strook gemonteer wat subtiel met 'n chroomlysie omsoom is. Die vensters is almal omlyn met hoëglans hout lyste. Elizabeth het haar (prototipe) Coupè tot in die jare tagtig daagliks gebruik.

Tydens 'n wintersportvakansie in Switserland het Carl Borgward met 'n prototipe bloedrooi Coupè sy opwagting gemaak om te kyk hoe die publiek op sy skepping sou reageer – die reaksie was baie entoesiasties. Die Coupè modelle is vanaf Januarie 1957 vervaardig, nie as deel van die produksielyn nie, maar in geringe getalle hoofsaaklik deur klein groepies gekwalifiseerde werkers. Dit verklaar die taamlik hoë verkoopprys van 11 000 mark. Die kragbron was nie die 60 pk. een en 'n half liter Borgward enjin nie, maar die 75 pk enjin van die TS.

Selfs die Engelse het gesê die kar is iets besonders, "A car virtually without rivals" In 'n Duitse toetsberig word die Coupè begroet met "Eine Meisterleistung des Deutshen Automobilbaus". Geen wonder dat, toe die laaste Isabella in 1962 van die monteerlyn afkom, daar op die koerantfoto van die gebeurtenis 'n bordjie by die kar was waarop geskryf was: "Du wars tzu gut für diese welt".

**Kees Beekman**






Nog ‘n foto uit die boek – Is dit ‘n Borgward stasiewa langs die Consul?  Waar is die dae! Nostalgies?

**Kees Beekman**





**<u>Om oor na te dink</u>**

1. Dis mooi om jare aan jou lewe toe te voeg, maar dit is beter om lewe aan jou jare toe te voeg.
2. Eendag is jy slegs 'n herinnering, sorg dat hy mooi is.
3. Soek die wysheid van die ouderdom, maar bekyk die wêreld met die oë van 'n kind.
4. In die tuin van die lewe is humor die beste kompos.
5. Ek is nie perfek nie, wat is fout daarmee?
6. Spyt is verstand wat te laat kom.
7. Wie hou van orde en netheid, is net te lui om te soek.
8. As iemand met jou oor iemand anders praat, praat hy ook met iemand anders oor jou.
9. Ek praat nie te vinnig nie, jy luister te stadig.
10. Tel jou seëninge in plaas van jou probleme.

**Kees Beekman**

**<u>Nuusbrief Redaksie:</u>**

**Kees Beekman (082 579 0527)** – **beekman@cosmoprop.co.za**

**John McEwan (082 882 0599)** – **jnmcewan@gmail.com**

**Louis v Jaarsveld (083 687 8486)** –**Lvjaarsveld@mweb.co.za**